NG KERK IN OOS-KAAPLAND

AD HOC MODERATUUR : TELEFOONKONFERENSIE 11 SEPTEMBER 2006

1. OPENING

1.1 Ds Hansie Schutte heet almal welkom

2. PRESENSIE

Teenwoordig:

Hansie Schutte
Chris van Wyk
Schalk du Toit
Danie Mouton
Jan Viljoen

3. DOEL

3.1 Om die logistiek, inhoud en proses van die ontmoetings met predikante in ringsverband re kerkherneiging te bespreek, en

3.2 Te leer uit die eerste ontmoeting (met die Ring van Graaff-Reinet) rondom hierdie tema.

4. RING VAN GRAAFF-REINET

4.1 Die ontmoeting het tydens die jaarlikse ringsvergadering plaasgevind. Terugvoer is gegee oor hoe die proses tot nou toe verloop het. Die verklaring van Esselenpark (Moderamen VGK en NGK) en die 16 Augustus Bloemfontein-verklaring (NGK, VGK, NGKA en RCA) is deurgegee, Die feit dat die VGK Moderamen by hul gemeentes aanbeveel om nie langer regsgedinge met NGKA-gemeentes oor geboue te voer nie, maar eerder - as dit daarop aankom - die geboue prys te gee, het groot indruk gemaak. Die FAQ's is van Johan Symington ontvang en deurgegee.

4.2 Dit is deurslaggewend belangrik om die nodige dokumente voor die vergadering te lê.

4.3 Almal was baie entoesiasties oor kerkher-eniging, niemand het bedenkinge uitgespreek nie. Die noodsaak van hereniging was nie betwis nie.

4.4 Kennis word geneem dat 'n gesamentlike ringsvergadering met die VGK Middelburg as opvolg gehou sal word.

4.5 Die byeenkoms is as 'n belangrike klimaat-skeppende geleentheid beleef, maar daar is 'n behoefte aan 'n behoorlike herenigingsproses om die saak deur te voer.

5. ONTMOETINGS MET PREDIKANTE IN RINGSVERBAND RE KERKHERENIGING

5.1 Logistieke reëlings

5.1.1 Jan versoek die Algemene Sinode om 22,000 kopieë van die FAQ's. Die FAQ's word geborg, maar die verspreidingskoste is vir ons sinode se rekening.

5.1.2 Hansie en Schalk hanteer die noord-oostelike ringe, tw Graaff-Reinet (afgehandel), Albanie, Oos-Londen, Queenstown, Dordrecht, Burgersdorp en Colesberg.

5.1.3 Jan en Danie hanteer die suid-westelike ringe, tw Algoa, Sondagsrivier, Uitenhage, PE, PE-Wes en Humansdorp.

5.1.4 Chris van Wyk skakel in by meerdere van die ontmoetings soos sy program dit vir hom moontlik maak.

5.1.5 Jan Viljoen tref die logistieke reëlings rondom reis en verblyf.

5.2 Inhoud en proses van ontmoetings

5.2.1 Praat in 'n eerste rondte oor die nasionale proses.

5.2.2 Vra in 'n tweede rondte oor die toekoms van die Oos-Kaapse Sinode: Gaan ons op in 'n groter Kaaplandse Sinode, of nooi ons die VGK om by ons in die Oos-Kaap in te skakel?

5.2.3 Dokumentering: die gesprekleiers gee skriftelike terugvoer van die byeenkomste. Hierdie terugvoer word na die Konvent en SK-Dagbestuur geneem. Die gespreksleiers gee die verslag aan skriba deur.

5.2.4 Sluit gemeenteleiers by die gesprek in. Die predikante moet nie die (enigste) aanvoerders van kerkhereniging wees nie.

5.2.5 "Wat maak ons nou?", sal leraars vra. Graaff-Reinet hou bv 'n gesamentlike rings-vergadering. Hoe lyk die toekoms? Hoe sien ons die proses vorentoe. Versoek dat FAQ's met gemeenteleiers gekommunikeer word en aan gemeentes beskikbaar gestel word.

5.2.6 Wat is dus die eerste stappe? Predikante stel 'n lys saam vir eerste stappe. Gesprek moet op gemeentelike vlak gevoer word.

5.2.7 Na die gesprek op gemeentevlak gevoer is, moet gemeentes hul kommentaar stuur voor 20 Oktober 2006 met die oog op SK-Dagbestuur van 26 Oktober. Na die tyd sal 'n verklaring uitgereik

word.

5.2.8 **Samevattend:** vier sake moet tydens die gesprekke met predikante / gemeenteleiers aangevoor word:

- FAQS bekendstel
- Hoe sien ons kerk-wees in die Oos-Kaap? Hoe lyk struktuur in die toekoms.
- Watter praktiese, konkrete goed nou.
- Vra kommentaar van gemeentes.

5.2.9 Lidmaat-leiers is belangrik en die moontlike brug-figure wat prosesse glad kan laat verloop, moet geïdentifiseer word.

6. SINODE VGK KAAPLAND

6.1 VGK Kaapland se sinode sit vanaf 25 September - 1 Oktober 2006 in Belhar. Chris van Wyk dra ons sinode se groete by hierdie geleentheid op 27 September 2006 oor. Aanbeveel dat die koste uit ons begroting vir die Konvent betaal word.

7. SINODE RCA

7.1 Chris van Wyk dra ons sinode se groete aan die RCA-sinode oor wat vanaf 25 September te Malabar vergader.

8. KONVENT KAAPLAND

8.1 Die rol van die konvent in die lig van die groter kerkherenigingsproses word bespreek. Dit is duidelik dat die konvent in die lig van vordering op nasionale vlak nou dringende take het om af te handel.

8.2 Danie versoek die Dagbestuur uitvoerende konvent vir ‘n volgende vergaderdatum, verkieslik 16-17 Oktober 2006 (die reeds beplande datum).

8.3 Belangrike gesprekstemas is die volgende:
8.3.1 die toekoms van ons sinode in die lig van die proses van kerkhereniging;
8.3.2 die onvergelykbaarheid van sinodale strukture tussen die Wes- en Oos-Kaapse NG Kerke: Wes-Kaap het meer as agt PSD’s (die VGK ook). Die onderlinge verskille kan in die pad van eenwording beland as daar nie nou gesprek gevoer word nie. Ons sinode kan ons karakter, visie en metode van funksionering verloor as ons opgesuig word in die sisteem.
8.3.3 ‘n Proses rondom hersamestelling van ringe is nou dringend nodig.
8.3.4 Mini-konvente kan ‘n sinvolle werkswyse wees om verhoudings te bou, veral waar groot vrese re kerkhereniging bestaan.

8.4 Uit die gesprek blyk dat ons basisstandpunt-name oor kerkhereniging ons sinodale model is.

9. AFSLUITING

9.1 Die vergadering word met gebed afgesluit.